

**1 Julie**

**Skrifgedeelte: Amos 3:1-4:13**

**Fokusgedeelte: Amos 4:6-13**

### **God waarsku voor sy oordele kom**

Israel is getref deur hongersnood en droogte, peste en plaë, oorlog en dors. Die land van melk en heuning het 'n land van smart en swaarkry geword. Die rede: Israel se hooghartige selfliefde en ongehoorsaamheid aan God.

God het hulle geslaan soos 'n pa sy kind tug. Helaas, daar was geen verandering en bekering nie. Daarom moes hulle hul gereed maak om voor die almagtige Skepper van hemel en aarde te verskyn. Hul hardkoppige weiering om gehoor te gee aan God se waarskuwing om hulle te bekeer, het veroorsaak dat hulle met sy regverdige oordeel te doen gekry het. In die jaar 722 vC is die inwoners van die noordelike ryk Israel as bannelinge uit die land weggevoer.

God gebruik dikwels teenslae en rampe in sy kinders se lewe as 'n manier om hulle terug te bring na Hom toe. Het teenslae jou al diep en ernstig laat nadink oor jou verhouding met God en jou naaste? Het dit jou verander sodat jy God met oorgawe en getrouheid dien en jy jou naaste met respek en agting behandel?

God se oordeel oor Israel is 'n heenwysing na ons Here Jesus se verskriklike oordeel wat sal plaasvind die dag wanneer Hy weer kom. Sy oordeel word ook voltrek oor hulle wat die naam het dat hulle gelowiges is, maar wat in werklikheid die rug op Hom gekeer het.

Sing: Skrifberyming 45:1,12

Ds EJ de Beer (Laeveld)